Methodist Homes
Providing affordable, secure and caring accommodation and services to the elderly

HEAD OFFICE
50 Garden Road, Bordeaux, RANDBURG
PO Box 2434, Pinegowrie, 2123
(011) 686-2600 info@mha.co.za
www.mha.co.za

Press Release

Vir onmiddelikke uitreiking
11 November 2021

Liefde en deernis definieer die sorg wat Samuel Broadbent House aan inwoners met Alzheimer bied

Wanneer ‘n mens by Samuel Broadbent House se Alzheimer-eenheid instap, is die liefdevolle behandeling van die Senior inwoners deur die toegewyde span van gekwalifiseerde verpleegkundiges en versorgingswerkers ooglopend.

“Ons is baie trots op die atmosfeer van liefde, familie en samesein wat ons in ons Alzheimer-eenheid skep en ons is daarop ingestel om dit ten all tye te handhaaf,” bevestig Matrone Wilna Joubert. “Dit is ook vir ons uiters belangrik dat ons ‘n holistiese sorg bied sodat al ons inwoners met Alzheimer en ander verwante dimensies altyd veilig en geliefd voel. Daarom is die kwaliteit van die sorg wat ons inwoners ontvang vir ons net so belangrik soos ons innoverende en gespesialiseerde toerusting. Ons skep ‘n sorgsame omgewing wat omsien na beide die fisiese asook die geestelike welstand van al ons inwoners.”

Samuel Broadbent het onlangs hul gespesialiseerde en goed-toegeruste Alzheimer eenheid na 51 beddens vergroot om te voldoen aan groeiende navrae vir die tiepe van gespesialiseerde sorg. Alzheimer is ‘n onomkeerbare en degeneratiewe breinsiekte en derhalwe sal die persoon wat dimensie ontwikkel op een of ander stadium spesiale sorg deur opgeleide verpleegkundiges benodig.

Matrone Wilna lê klem op die noodsaaklikheid van vroeë diagnose. “Dit bied meer tyd vir kritiese sorgbeplanning. Verder help die korrekte behandeling en ondersteuning om die degenerasie te vertraag en die persoon ‘n meer gemaklike en beter kwaliteit lewenstyl te bied.”

Samuel Broadbent personeel is opgelei in Alzheimer en demensie-sorg en woon gereeld opleidings-programme by. “Ons volg ook die ‘Eden Alternative’ filosofie wat fokus om weg te beweeg van ‘n instituut / mediese model na ‘n warm, huislike kultuur.”

Om te verseker dat inwoners veilig en gemaklik gehanteer kan word en beweeglik kan wees sonder enige risiko van beserings is Samuel Broadbent se Alzheimer-eenheid ingerig met spesiale toerusting wat insluit ‘n Sarah Steady Hoist asook ‘n Sarah 3000. Verder is daar ‘n basiese Sensoriese Kamer waar die inwoners kreatief kan verkeer deur Verskillende reuke, teksture en klanke te beleef wat hul kalmer hou en help om te ontspan.

Stimulasie is ‘n uiterse belangrike deel van Alzheimer sorg, dus word kognitiewe stimulasie, sensoriese spel asook kreatiewe aktiwiteite daagliks aan die inwoners gebied. Matrone Wilna voeg by dat hul ook families deurentyd by die aktiwiteite insluit. Sy wys ook daarop dat ‘n vaste roetine die daaglikse funksioneering van die inwoners met Alzheimer verbeter.

Matrone Wilna beklemtoon dat Alzheimer nie alleenlik die persoon wat dit ontwikkel beinvloed nie maar ook ‘n hewige impak op die res van die familie het. “Wanneer ‘n geliefde met Alzheimer gediagnoseer word is dit ook ‘n baie moeilike en emosionele tyd vir die res van familie. Ons ondersteuningsgroepe is daar om die familie met die nodige aanvaarding en aanpassing te help.”

Samuel Broadbent House is geleë in die hartjie van Potchefstroom in die Noordwes Provinsie. Dit is een van vyftien Methodist Homes aftree-oorde (12 in Gauteng en 3 in die Noordwes Provinsie). Die aftree oord is gestig in Mei 1972 en bied ‘n verskeidenheid van waarde-vir-geld, kwaliteit akkommodasie aan persone wat ‘n onafhanklike aftree-lewenstyl verkies. Daar is verskeie aktiwiteite wat insluit, skaak, ‘n biblioteek, asook ‘n snoesige koffie-winkel waar heerlike lekkernye verkoop word. Samuel Broadbent se inwoners het beslis nie kans om verveeld te raak nie! Van die inwoners geniet dit ook om deur die pragtige tuine te stap of om te ontspan met ‘n gekose boek. Benewens die gespesialiseerde versorging vir inwoners met Alzheimer, bied Samuel Broadbent se versorgingseenheid ook versorging aan verswakte Seniors.

/Persverklaring eindig

Methodist Homes
Methodist Homes bied sedert 1970 waarde-vir-geld, kwaliteit akkomodasie aan ongeveer 2000 Senior inwoners by hul twaalf aftree-oorde in Gauteng and drie in die Noordwes Provinsie, binne ‘n veilige en rustige omgewing. Benewens die nege versorgingseenhede wat medium, total verswakte en Alzheimer sorg bied, is daar ook ‘n wye verskeidenheid van aftree-verblyfopsies wat wissel van lewensregte tot huureenhede (onafhankilke lewensstyl) tot alles-insluitende inwoning met bystand (board & lodging).

Issued on behalf of: **Methodist Homes Samuel Broadbent Home**
Tel: +27 (0) 18 285 0900
Email: info@mha.co.za

www.mha.co.za

Media Contacts: Michael Sparks – Manager

Rose Meehan – Admin Manager

Issued by: Laverick Media Communications T: +27 (0) 79 949 1090 / sonia@laverickmedia.co.za / www.laverickmedia.co.za